

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

**Tema: "Wie is die regverdiges?"**

**Skriflesing: Habakuk 1:1-4 en 2:1-4**

### Lied 476

'n Vaste burg is onse God,  
ons skuil in Hom, die sterke.

Hy is 'n vesting in die nood  
vir ewig staan sy werke.

Al kom die Bose aan  
in sy oorwinnaars-waan,

ons weet by al sy lis,  
sy lot is reeds beslis

God self stel aan hom perke.

Gord ons met eie krag ons aan  
dan is die stryd verlore.

Oorwinning is alreeds behaal  
deur Een daartoe verkore.

Vra u sy Naam, so weet  
dat Hy die Christus heet;

gaan Hy voor in gevaar,  
Heer van sy leërskaar,

nooit is die stryd verlore!

### Broodjies vir die pad

"Since then your sere Majesty and your Lordships seek a simple answer, I will give it in this manner, neither horned nor toothed. Unless I am convinced by the testimony of the Scriptures or by clear reason (for I do not trust either in the pope or in councils alone, since it is well known that they have often erred and contradicted themselves), I am bound by the Scriptures I have quoted and my conscience is captive to the Word of God. I cannot and I will not recant anything, since it is neither safe nor right to go against conscience. May God help me. Amen." Martin Luther  
(Reply to the Diet of Worms, April 18, 1521)"

"We should ask God to increase our hope when it is small, awaken it when it is dormant, confirm it when it is wavering, strengthen it when it is weak, and raise it up when it is overthrown."

— John Calvin

"A perfect faith is nowhere to be found, so it follows that all of us are partly unbelievers."

— John Calvin



### Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif

Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif  
want niemand sal 'n boodskap wat rooi is skiet nie.

Ek gooi my rooiborsduif hoog in die lug en ek  
weet al die jagters sal dink dis die son.

Kyk, my duif kom op en my duif gaan onder  
en waar hy vlieg daar skitter oseane

en bome word groen

ek hy kleur my boodskap so bruin oor jou vel.

Want my liefde reis met jou mee,

my liefde moet soos 'n engel by jou bly,

soos vlerke, wit soos 'n engel.

Jy moet van my liefde bly weet

soos van vlerke waarmee jy nie kan vlieg nie.

*Breyten Breytenbach*



### As alles perfek in balans is . . .

*Jo Prins*

My vrou kan nie 'n bed opmaak nie.

Maar dis als goed en wel, want ek kan nie skottelgoed was nie.

My vrou kan ook nie eintlik 'n kasdeur toemaak nie en sy sukkel dikwels om 'n nuwe rol toilet papier te kry ná die vorige op sy laaste velletjie hang.

Maar weer eens, dis oukei, want ek kan nie eintlik boeke wegpak nie en ek sukkel al jare om die garage reg te pak.

My vrou is vir orde, háár orde, en wegpak en herorganiseer is al so half tweede natuur. Sy is 'n *spring clean connoisseur* wat seisoenale beplanning só aanpak dat dit groot stede se rampbeplanning in die skande sal steek.

Ek is natuurlik ook vir orde, mý orde: Die orde van 'n skryfkamer waar die koffiebeker wat ek gisteraand daar neergesit het presies nog net so staan; en die boek met sy sagte 2B-potlood in wat daarnaas op 'n spesifieke plek – 'n armlengte van die stoel af – nét dáár lê . . .

In die sowat 13 jaar wat ons getroud is, kon ek nog nie 'n enkele paar jeans weggooi nie (daar lê juis 'n mooi stapel in die garage) en my stapskoene (van my eerste *army boots* tot skoene wat my die eerste keer tot op Uhuru-piek op Kilimandjaro gebring het) staan daar net so naas mekaar.

My groen weermagtrommel, wat ek sowat 30 jaar laas oopgemaak het, is 'n tyd kapsule wat met elke trek swaar saamgesleep word. "Buig jou knieë," sê ek vir my vrou . . .

En in gelid, ook in die garage, staan daar sowat 60 *swing top* Grolsch-bottels, want een Kersfees wil ek nog gemmerbier maak (my oorle ouma Tina van Adelaide in die Oos-Kaap se resep). My vrou rol net haar oë.

Kohabitasie is, om dit sag te stel, nou maar eenmaal 'n moerse uitdaging.

So oor die jare heen kom 'n mens agter watter *figh*ts die moeite werd is, en watter *figh*ts (oor wie se *quirks* wie teen die mure uitdryf) eerder maar daar gelaat moet word.

Wie maak 'n nuwe pak beskuit oop wanneer die vorige ene nog nie klaar is nie?

Wie neuk met die beplanning en eet vir middagete die porsie bobotie wat veronderstel was om vanaand voorgesit te word?

Wie lees tot laataand boek op die bank en eet dan die droëwors wat eintlik vir die kinders se kospakkies bedoel was?

En hoe is dit moontlik dat 20 haarrekkies wat op 'n spesifieke plek gehang het binne 'n dag tussen my vrou en my dogter kan verdwyn?

Dan is daar natuurlik dinge wat gedoen móét word, nie omdat jy daarvan hou nie, maar juis sodat die ander persoon nie hoef nie.

Só is dit gewoon nie die moeite werd om te kla oor die verdomde *wheelie bins* wat week ná week moet sypaadjie toe en dan daarna skoon gespuit moet word nie.

Wanneer die reuk van Jeyes Fluid in my neusvleuels opslaan, dink ek met 'n diepe dankbaarheid dat ek nie nou in 'n tou in Woolies hoef te staan nie.

Wanneer ek dan en wan op die dak (waarvan ek nog net eenkeer geval het) lê om die geute skoon te maak, weet ek daar is 'n onuitgesproke ooreenkoms tussen ons wat op 'n *weird* manier werk.

Maar wat die ooreenkoms ook al behels, is daar een ding wat vir ons albei baie belangrik is: ruimte.

Tussen die skermutselings van die klein oorlog aan huis, lê ons *sanity* in die ruimte wat ons vir mekaar skep.

Daardie tien minute van los-my-uit-met-'n-glas-wyn-ruimte wanneer jy op 'n weekdag effens bemoerd van die werk af by die huis kom.

Die ruimte van Vrydag-na-werk-vonkelwyn op die stoep en ons doen 'n inhaalpraat met die swartoognooi wat anderkant die posseël-grootte-grasperk in 'n immergewikkelde stryd met die bougainvillea is.

Daardie ruimte van ek vat die kinders Spur toe (al weet ek - voor my siel die hel is ander mense . . . in die Spur) vir 'n uur of wat dat sy in Rosebank kan gaan rondwaal.

Ruimte van drie, vier uur se bergfietsry op 'n Sondagoggend en met die terugkeer tref die geure van varsgebakte hoenderpastei my (spesiaal met drie deegblaartjies in die middel) en die kinders is die soetste in die hele wêreld.

En sy lê êrens en boek lees (of in die bad) en uit die *soundbar* fluister Morcheeba en jy dink dis oomblikke soos dié, sulke perfekte gebalanseerde oomblikke.

Bring maar die beddens . . . los die kasseure oop. Ek het skottelgoed om te was.

- *Jo Prins is boekeredakteur van Beeld.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/as-alles-perfek-in-balans-is-20161021#>

## Brood vir die pad

### Is dit nie soms erg moeilik om te kan nee sê nie?

Is daar regtig ouers wat nie heimlik hoop dat hul kinders tog sal leer nee sê nie? Enigeen wat nie soms wens dat ons self ook op 'n keer liever nee gesê het nie? Dat ons die teenwoordigheid van gees, die wysheid, dalk moed, vrymoedigheid, miskien integriteit gehad het om nee te sê ondanks wat dit kon kos?

Destyds dink die sosiale filosoof Jürgen Habermas ook hieroor na, kort voordat hy wêreldwyd bekend word vir werk oor "kommunikatiewe handeling", die maniere waarop ons met mekaar omgaan. Ons kommunikeer daagliks op derduisende maniere met ander, ons "praat" op talle maniere, met taal, maar ook deur ons doen en late.

As sosiale wesens is kommunikasie van ons belangrikste daaglikse handeling. Hy skryf diepsinnig en verhelderend oor hóé ons met mekaar praat, wat ons alles aan mekaar dóén met ons gepraat.

Terwyl hy dié boeke aan 't skryf is, publiseer hy 'n resensie van *On the Difficulty of Saying No* – later só in Engels vertaal, is dit ook die titel van die boek wat hy bespreek. Volgens die skrywer, die teoloog Klaus Heinrich, ly die openbare lewe soms onder stilswye as daar eintlik gepraat moes word, geprotesteer moes word.

In die Romeinse reg het protes glo die tegniese betekenis gehad dat stilswye verbreek word ten einde nie die valse indruk te laat dat 'n mens eintlik saamstem nie. Samelewings benodig steeds meermale dié soort protes, sê Heinrich; dié soort verbreking van swye sodat mense nie dink ons stem almal saam met wat gedoen en gesê word nie.

Protes is nodig sodat alles en almal nie versmoor in woordelose saámloop en saámstem nie. Protes is ons weerstand teen prosesse waardeur ons samelewings homself algaande vernietig, sê hy.

Die probleem is net dat sulke protes soms nogal moeilik is. Soms bly ons swyg omdat ons nie genoeg omgee nie, maar soms ook vanweë ánder redes, soos vrees. Nou kan stilbly ook 'n antwoord wees, soos die volksmond tereg leer. Maar soms is stilbly nie die régte antwoord nie. Soms is protes nódig, al is dit hoe moeilik, want dís hoe ons wys dat ons verskil, omdat ons ómgee, en die selfvernietigende kragte wil help stuit.

Wat dit egter nog moeiliker maak is ons wete dat nie alle protes noodwendig die regte sóort protes is nie. Soms is dit nie konstruktief nie, maar self ook -destrukties. Dien dit self die verbrokkeling en die -verwoesting. Dra dit juis by tot verdere afbreek en vernietiging. Dís alles wat nee sê so moeilik maak. – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/is-dit-nie-soms-erg-moeilik-om-te-kan-nee-se-nie-20160916>



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877